

4 April

Johannes 12: 1,7

(Teks: 12:3)

Met nardusolie gesalf

Volgens Markus was dit twee dae voor Jesus se kruisiging. Hy en sy dissipels is na 'n maaltyd genooi in die huis van Simon die melaatse. Lasarus, Marta en Maria was ook daar. Laaste, heerlike, intieme samesyn met 'n klein vriendekring.

Toe bring Maria 'n albasterfles, breek die hals af, en gooi die kosbare nardusolie oor Jesus se kop en sy voete. Gewoonlik het die Jode op 'n geliefde kuiergas net 'n paar druppels van hierdie kosbare, baie duur parfuum gesprinkel as blyk van agting en liefde. Maar nie Maria nie. Sy giet 'n halfliter van die baie kosbare salfolie oor Jesus uit. Die geur daarvan het die hele huis gevul.

Ongelukkig het die lieflike geur nie tot in die hart van Judas Iskariot en sy mede-dissipels deurgedring nie. Hulle vaar uit teen Maria: Vermorsing van die kosbare olie! Dit kon verkoop en die geld vir die armes gegee gewees het!

Jesus tree dadelik vir Maria in die bres. "Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my begrafnis" (vers 7). Hoe kalm praat Jesus twee dae voor sy dood oor sy begrafnis!

"Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar" (Mark 14:9).

Maria se liefde vir en toewyding aan Jesus was 'n soet druppel in sy bitter lydenskelk.

Watter liefdesoffer bring jy, deur die gemeenskap van die Heilige Gees, vandag aan jou gekruisigde, opgestane, verhoogde Heiland?

Sing Psalm 133:1

Prof. P.W. Buys (Emeritus)